

DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE VOLKSGEMEENSAP IN KONING YAHSHUA (JESUS CHRISTUS) ONS MESSIAS

Referaat gelewer by die Konsilie van die Gelooftevolk van Suid-Afrika, 24-26 Maart 2016,
te Holfontein Gelooftefeesterrein in die Ottosdal distrik.

Die Skrif toon deur die profete slegs twee lokaliteite aan waar die fisiese Hut van Dawid weer herstel en opgerig sal word. Hierdie hervorsameling van die uitverkorenes van YHWH(ons HERE) sal plaasvind ingevolge 'n NUWE VERBOND waartoe die nageslag van Abraham hul vrywillig sal verbind en wat vir die ou volk van Israel, voor die vernietiging en die verstrooiing van die Huis van Dawid, in die voortuitsig gestel is.

Hierdie twee lokaliteite word aangegee as:

- 1) Die land wat YHWH (ons HERE)aan die vaders gegee het rondom Jerusalem en
- 2) soos die profeet Sefanja dit sien (asok Jesaja), oorkant die riviere van Kus.

Daar sal ook 'n noue staatkundige verbintenis wees tussen hierdie twee nuwe state omdat hul deur dieselfde KONING fisies regeer sal word en dus regeer sal word ingevolge die beginsels van 'n Teokrasie.

'n Uitstaande kenmerk van hierdie staatkundige bedelings sal wees dat daar vrede en vredezaamheid sal heers.

"Hoe lieflik is op die berge die voete van HOM wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep, wat aan Sion sê: jou GOD is KONING." (Jes51:7) "Die vrede van jou kinders sal groot wees." (Jes 52:1)

Hierdie herstel sal weereens nie wees ter wille van die volk se eer nie maar

- 1) sodat die Grote Naam van YHWH (ons HERE) verheerlik sal word en die hele wêreld se mensdom daarvan sal kennis neem en respekteer en
- 2) om die oneindige en onbreekbare getrouheid en betroubaarheid van YHWH (onsHERE) te bevestig.

Dat HY teenoor so 'n nietige volkie, wat oor die aarbol vir 'n wyle sou verdwyn, SY ondernemings gestand sal doen "en Hy sal die Verbond van jou vaders wat HY hulle besweer het, nie vergeet nie(Deut4:31b)." MY goedertierenheid sal van jou nie wyk nie en my Vredesverbond nie wankel nie, sê die HERE"(Jes54:10b) Vanuit hierdie twee Teokrasieë sal 'n getuienis en lofverkundiging uitgaan oor die hele wêreld ter wille van YHWH (onsHERE) die Heilige GOD van Israel... "om My ontwil sal EK dit doen" (Jes4:11).

Tesame met die wonder van die herstel van die Hut van Dawid in die twee lokaliteite sal al die nasies oor die wêreld n goeie gesindheid openbaar en sal die Evangelie boodskap wat van hier sal uitgaan met respek op aggegee word en die verbondsvolk sal oral toegang verleen word.

“En Ek sal al MY berge tot ‘n weg maak, en my grootpaaie sal opgevul wees. (Jes49:11)”. Die heersers van die wêreld sal uit respek vir YAHSUA (JESUS), die KONING, opstaan en hul in eerbied neerbuig(n.a.v Jes49:7) “...en konings sal hul neerbuig...ter wille van YHWH (ons HERE)”

Die herstelde volk se aansien sal hoog wees in die ganse wêreld . “...nasies wat jy nie geken het nie, sal jy roep; en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou hardloop, ter wille van die YHWH (ons HERE) jou GOD en van die Heilige van Israel, omdat HY jou verheerlik het.”(Jes55:5) Want die GESTUURDE van YHWH (ons HERE)kom om Israel by HOM te versamel en die stamme weer op te rig(d.w.s HY kom by SY volk ‘n woning maak in ‘n herstelde regeringstelsel maar ook om die LIG van YHWH (ons HERE) te wees vir al die nasies sodat YHWH (ons HERE) vereer sal word(Jes49:6).

En die ganse wêreld sal erken dat HY die GOD van die hele aarde is(Jes59:50).YHWH (ons HERE) stel hierdie vooruitskouing duidelik sodat daar geen onkunde sal wees by hul wie in SY handpalms gegraveer is nie(Jes49:16a) ("Behold ,I have carved you on the palms of MY hands..."Isaiah 49:16a;Interlinear Bible-Old Testament,Masoretic Text) Alleenlik wanneer ons ander interpretasies aan die profesieë gee as wat daar geskryf is, sal daar verwarring en kleingelowigheid wees. YHWH (ons HERE) sê uitdruklik “Ek het van die begin af nie in die geheim gespreek nie..” (Jes48:16a) Ons moet dus nie raaisels maak van duidelike GODSPRAAK nie sodat ons versterk kan wees in ons geloofsverwagting.

Wanneer ons kyk na die Godspraak deur die profeet Sefanja (Sef. 3) sien ons hier ‘n vestigings aspek wat ons nie by die hervestigings vooruitskouing m.b.t. Jerusalem sien nie.Die Profeet maak ‘n aankondiging oor 'n reeds gevestigde gemeenskap (onderkant Kus) van aanbidders wat uit die verstrooiing kom.Hierdie gemeenskap sou weer sondig en daar sou vanuit hulle weer ‘n verstrooiing plaasvind. (wegtrek, NIE wegvoer nie).

Die sondes (wat later reggestel sou word) word duidelik uiteengesit nl:

- a) oorwaardasie van eie mag
- b) hoogmoed
- c) onreg pleeg
- d) openbare leuens en bedrog(Sef3:11,13)

Hierdie gemeenskap sal die "muishond" van die wereld word (Sef3:19). Hulle sal weer onder die oordeel gebring word, dws onder strafgerig geplaas word deur die plaaslike oorheersing van vyande(Sef3:15). Die kinders sal verjaag word en vir ‘n tweede keer in verstrooiing gaan.

Hierdie gemeenskap van verstrooides is ‘n nie-Kussietiese volk(Sef3:12).Hierdie gemeenskap van verstrooides was ooreenkomstig die profesieë bymekaar geroep in die NUWE VERBOND. Dit is dan ook in die NUWE VERBONDS-verband wat hierdie gemeenskap, wat tot nuwe volk ontwikkel het sedert haar vestiging, verdere Verbonde met YHWH(ons HERE) aangegaan het in terme van die verskillende Volksgeloftes.

Hierdie heilige ondernemeings teenoor YHWH (ons HERE) het vergete geraak. Die grondleggers Gelofte (Van Riebeeck, 6 April 1654) van dankbetuiging tot YHWH (ons HERE) tot in die verste geslagte, is vergeet en met trotsheid vervang as die volk se stigtingsdag. Die Bloedrivier Gelofte se geskrewe “traktaat” is agterna gewysig sodat die onderneming om ‘n volkshuis tot eer van YHWH (ons HERE)te stig(waarvoor ons vaders die HERE se hulp af gebid het) nou deur die wysiging vervul sou word met

die bou van 'n kerkie wat later 'n winkel sou word. Die jaarlikse herdenking het in vergetelheid verval tot die nood weer leer bid het.

Voor die eerste vryheidsoorlog (ABO1) (lank nadat die kerkie al gebou was) is weer onderneem om die Bloedriviergeloofte, soos belowe was, na te kom asook om die volk jaarliks by Paardekraal saam te roep ter herdenking daarvan. Ook is plegtig, met YHWH(ons HERE) as getuie, onderneem om voortaan broederliefde te openbaar. Tog is die daaropvolgende genade en die verdere nakoming van die onderneming vergeet. (Ook die latere onderhouding van die dankdag soos deur die ZAR regering ingestel was na die ABO 1 oorwinning te Majuba).

Gou is die werke van hul hande in ABO 2 totaal verwoes. Maar die nuwe volk het weer genade ontvang om uit haar ellende te herstel. Daar was egter geen begrip van die kernaspek van die Bloedrivier Geloofte nie. Veral sedert die begin jare na 1948 was daar 'n opvlamming in die jaarlikse herdenking maar met die klem op die volksbelang. Die volk het gaandeweg haar eie afgod geword, waar van YHWH (ons HERE) verwag was slegs om die besluite van volksleiers te bevestig.

Materiële voorspoed het die lokaas geword wat die volk begin najaag het. Dit het ook as grondslag gedien vir die leuentaal en bedrieglike tong van volksleiers. Die volk het ekonomies en militêr sterk geword en die vertrouwe op eie krag en volks hoogmoed was aan die orde van die dag.

Toe het YHWH(ons HERE) deur die bedrieglike tong en verraad deur volksleiers die volk sonder slag of stoot tot haar skande onderwerp aan strafgerig. Hy het die volk oorgegee aan die heerskappy van hulle vir wie die volk self uit die barbarisme ontruk het, sodat die werk van hul hande weereens verwoes sou word en hul kinders verjaag sou word (moord, roof en die verpligte verplasing van die witman uit die werksplek) en oorgegee te word aan die roofvoëls van ander lande (geldmag) en aan die wilde diere (plundering, moord, roof vanuit aardse barbarisme) Jes18:6 Daar sal geen getuie nis oor wees dat die land eens deur Christen gelowiges regeer was nie (die lote sal afgekap word vanaf die Wingerdstok Jes18:5). Tot hiertoe het die profesieë m.b.t. die gemeente van verstrooides, oorkant die riviere van Kus, reeds in vervulling gegaan.

Die uitspraak vir die ou volk deur die profeet Haggai het ook op ons betrekking gekry - "gee ag op wat julle wederveraar het (Hag1:7)...

"julle het uitgesien na baie, en kyk, dit het min geword... (Hag1:9a).

In September 2009 vergader 'n nietige getal volksgenote by Vegkop "om ag te gee op wat hulle wederveraar" ... Hierdie vergadering was belê in die direkte opdrag van YHWH(ons HERE) deur die drywing van die Gees en die bevestiging deur die LOT (wat vir ons 'n vreemde gegrip was maar deur Hand1:26 aangewys word om onbetwisbaar die wil van YHWH (ons HERE) te wete te kom).

Te Vegkop se volksvergadering was die Gees teenwoordig en is na 3 dae se redevoering eenparig besluit dat die volk moet terugkeer na die uitvoering van die Geloftes. Die vergadering het verder tot die besef gekom dat die geskiedenis toon dat die volk se volslae toevlug tot ons HERE (JHWH) tydens 'n oorlewingskrisse hul enigste onwankelbare waarborg was. Die volk se oorlewing in die huidige krisistyd kan alleenlik weer hiertoe teruggevoer word. Om die volksgeloftes na te kom in letter en gees sou alleenlik moontlik wees onder die Soewereine bestuur van YHWH (ons HERE) deur SY SEUN as KONING. Dit sou dan neerkom daarop dat die volk as soewereine vrye volk ge-orden sal word as 'n Teokratiese volkshuis.

'n Komitee is aangewys om hierdie saak verder te ondersoek, volgende Volksvergaderings(VVs) te belê, verslag te doen en verdere VV opdragte uit te voer(Geloftevolk Ko-ordinerings Komitee--GKK).Navorsing het getoon dat die oorspronklike teks van die Gelofte van Bloedrivier met tyd gewysig was en dat die Gelofte se kernaspek nie die bou van 'n tempel(algemeen ge-interpreteer as kerk) is nie maar die stigting van 'n huis tot eer van die HERE (JHWH). Ons vaders ,wat goed bekend was met die Skrif ,sou die verskil ken tussen die tempel wat Salomo sou bou en die staats huis van Israel of die staats huis van Dawid. (2Sam7:11, 1Kon11:38) Voorts het hul in vooruitsig gestel dat hierdie stigting 'n langdurige proses sou wees en nie met die bou van 'n kerkie afgehandel sou word nie. Dit sou n groot saak wees wat alleenlik deur smeking vir GOD se hulp en bystand volbring sou kon word.So is daar ook jare later by Paardekraal die onderneming gegee om die Bloedriviergelofte gestand te doen asook om die dag jaarliks te Paardekraal te kom gedenk.

Daar bestaan tans geen land ter wereld waarvan die volkshuishouding as 'n Teokrasie of Christokrasie getipeer kan word nie en die ontwerp vir die praktiese funksionering van so 'n volkshuis moes deur die GKK met goedkeuring van die volksvergadering aangepak word.Dit is die oortuiging vanuit die verlede dat 'n demokratiese regeer stelsel wat bloot die grondwetlike erkenning gee aan die Almag en Oppergesag van die HERE (YHWH) en selfs die grondwetlike onderneming bepaal om wetgewing na te streef wat sinkroniseer met die basiese vereistes wat die Skrif beginsels daarstel, nie gestalte sal gee aan 'n volksordening waar die HERE (YHWH)self regeer nie.

Met inagneming van ons menslike swakhede sal die staatsontwerp en die volkshuis die volk se primêre funksie rig op die gesag en die eer van die HOOF van die volkshuis nl CHRISTUS (ons MESSIAS).Die regering en volksordening sal dus volslae gehoorsaamheid en eerbied moet reflekteer waar die soewereiniteit inherent geleë is in die HOOF en nie soseer in die vergadering van die volksvertegenwoordigers nie.

'n Konsep grondwet is opgestel en deur VV2011 goedgekeur. Dit kan afgelaai word by:

http://www.volksvergadering.co.za/Documents/20141028111641_item_2011-08-06%20%20Konsep%20Grondwet.pdf

Wat 'n regeer sisteem en volksordening kan vestig wat sal meebring dat die volkshuis die karakter van 'n gemeente sal aanneem wat die KARAKTER van die HOOF nl. CHRISTUS , kan reflekteer tot 'n lig vir die nasies.

Die ontwerp van die konsep grondwet is sodanig dat die natuurlike elemente waardeur die swakheid en sondigheid van die mense hierdie funksionering van die liggaan van CHRISTUS kan ontwrig, aan bande gelê word. Hier dink ons bv. aan die elemente wat die uitlewing van liefde betoning kan belemmer en haat en tweedrag kan meebring soos die skep van partyskappe, leierverafgoding, die aansien van persone, geheime organisering, omkoperij ens ens.Die basis waarop die volksgemeente sal voortbestaan is voortdurende gebed by die volk asook in die huis van die volksvertegenwoordigers in soeke na die leiding van die Gees van ons HERE(YHWH) wat vergestald sal word in eenstemmigheid en eendragtigheid.

Gedagtig daaraan dat ons sonde dikwels 'n skeidsmuur maak wat die werking van die Gees belemmer, word voorsiening gemaak vir die priesterlike raadpleging van ons Hemelse VADER se finale en soewereine WIL soos bemiddel deur die Hoëpriester ingevolge die orde van Melgisedek by die troon van YHWH (ons HERE) nl.CHRISTUS ons Priester KONING.

Hierdie raadpleging word gedoen wanneer die werking van die Gees nie deur eenstemmigheid waargeneem kan word nie en wel dan deur gebede en lotsbeslissing. Daar is egter een vorm van verdeeldheid wat nie deur wetgewing besweer kan word nie en wat die vestiging van die volkshuis as gemeente en as liggaam van CHRISTUS gaan teëhou. Dit is die instandhouding van verdeeldheid onder ons volk deur dogmaties begronde godsdienstige skeidsure en die religieuse hoogmoed van 'n groot getal vakbondagtige institusionele instellings wat tans meer die karaktereenskappe van godsdienstige industrieë weerspieël as die liggaam van CHRISTUS.

‘n Volkshuis wat steeds hierdie verskynsels gaan vertroetel sal nie die ware toonbeeld van ‘n Godsregering en die beeldnis van die liggaam van CHRISTUS kan weerspieël nie. Ons as dienaars van die Almagtige en Enige GOD(YHWH) deur die SEUN, sal moet verenig op die basis van die Evangelie van CHRISTUS wat ons bring by die uitspraak en belydenis van die apostel Paulus."Daar is vir ons maar een GOD, die VADER, uit WIE alles is, en ons tot HOM, en een HERE JESUS CHRISTUS deur WIE alles is, en ons deur HOM" (1Kor8:6).

"Weet julle nie dat julle ‘n tempel van GOD is en die GEES van GOD in julle woon nie? As iemand die tempel van GOD skend, sal GOD hom skend, want die tempel van GOD is heilig, en dit is julle" 1Kor. 3:16,17.

Laat ons dan gedurig bid tot ons VADER dat HY deur ons VERLOSSER die geestelike eenheid wat HOM sal behaag sal bewerk om SY Huis onder ons tot stand te bring.Die dag wanneer die toekomstige burgers van Gelofteland so geestelik eensgesind is om gesamentlik as volksgemeente die Verbondsmaal te vier, sal dit ‘n seker teken wees dat die profeet se profesie vir die gemeente van verstrooides oorkant die riviere van Kus finaal in vervulling sal gaan.

Mag ons VADER die geestelike verdeeldheid as teehouer vernietig en laat ons voortdurend met verwagting bid soos ons MESSIAS ons geleer het: "Laat U Koningkryk kom, soos in die Hemel, net so ook op die aarde" – net so ook onder ons.